NOTULE VAN DIE MAANDVERGADERING GEHOU OP 13 FEBRUARIE 2012 BY DIE JOHOTTO NASKOOLSENTRUM, LES MARAIS.

Voorsitter	**Sekretaris**	**Tesourier**
SH Erasmus	HB Groenewald	LC De Jager
Tel 0836349638	Tel (012) 6547438 of 0834694349	Tel 012 6547420

E-pos :herman.groenewald@lantic.net
Faks: 0867508692

1.0 Opening

1.1 Loutjie De Jager open met gebed waarna die Voorsitter almal teenwoordig welkom heet.

2.0 Teenwoordig.

2.1 C Snyman (President), SH Erasmus (Voorsitter), F Du Preez (Visie-voorsitter), HB Groenewald (Sekretaris), LC De Jager (Tesourier), JJ Champion, DD Fourie, NL Greyling, DWJ Jacobsz, MT Mey, P Serfontein, I Weyer en LE Weyer.

2.2 Verskoning:
B Grobbelaar en S Tayob.

3.0 Nuwe lede.

3.1 Geen nuwe aansoeke is ontvang nie.

4.0 Lief en Leed

4.1 Die volgende lede herdenk hul geboortedag gedurende Februarie en gelukwense word aan hulle oorgedra:
MT Mey (15de), SH Erasmus (19de) en HB Groenewald (27ste).

5.0 Fondsinsameling.

5.1 Die lede van Frill Kanaries is verantwoordelik vir die maandelikse fondsinsameling by die Maart maandvergadering.

6.0 Bevestiging van notule van vorige vergadering.

6.1 Die notule van die Januarie 2012 maandvergadering word goedgekeur.

7.0 Sake voortspruitend.

7.1 Advertensie vir items te koop/verkoop.

7.2.1 Les Weyer het budgie skouhokkies te koop.

.

7.2 Winterskou (Provinsiaal) (23/24 Junie 2012)

7.4.1 Die skoukomitee het op 26 Januarie 2012 vergader en is daar besluit om die skou op die Saterdag en Sondag aan te bied. Die inskrywingsgelde sal R6,00 per inskrywing beloop. Die beoordelaars vir die skou moet aangewys word sodat die uitnodigings gerig kan word. Daar word besluit om die volgende beoordelaars te nomineer:

Gloster Kanaries (Breeders Rung & Majors)	G Savage
(Ope)	C Fagan
Yorkshire Kanaries	J. Smit
Norwich Kanaries	J Smit
New Colours	W Storbeck
Red Factor Kanaries	L Jordaan
North Dutch Frills	D Mare
Parisian Frills	D Mare
Fiorino Kanaries	D Mare

Roller Kanaries L Blom

Die Gloster en Posture Kanarie klub is verantwoordelik vir die Border, Lizard en Fife Fancy Kanaries.

By die vorige maandvergadering is besluit dat die klub R250,00 per spesie sal bewillig as prysgelde. Die volgende bykomende pryse word bewillig:

Gloster Kanaries - bykomende R250,00 uit die spesiefondse
Yokshire Kanaries - bykomende R250,00 uit die spesiefondse
Nlorwich Kanaries – R200 geborg deur Ingrid Weyer
New Colour Kanaries – R250,00 uit spesiefondse
Red Factor Kanaries – R250,00 uit spesiefonds
Roller Kanaries - R250,00 uit spesiefondse.

Zebra vinke – R100,00 Les Weyer.

Die volgende vergadering van die skoukomitee is op 14 Februarie 2012.

7.5 Jongvoëlskou. (5 Mei 2012).

7.5.1 Daar is by die vorige maandvergadering besluit om die ander twee klubs in Pretoria uit te nooi vir deelname aan die Jongvoëlskou. Die Sekretaris meld dat hierdie ‘n geslote skou is wat slegs vir deelname is vir die klub se lede. Indien ons ander klubs wil uitnooi sal aansoek gedoen moet word om ‘n ope skou te hou. Na bespreking van die aangeleentheid word daar besluit om die besluit te herroep en dat die skou slegs vir hierdie klub se lede sal wees.

7.5.2 Dit word bevestig dat die saal vir die skou bespreek is.

7.5.3 Al die beoordelaars uitgenooi met die uitsondering van Graham Savage en D Mare het die uitnodiging aanvaar.

7.5.4 Die vervoer van die stellasies is gereël en goedkeuring word verleen vir ‘n uitgawe van R1 000 vir die arbeid.

7.5.5 Daar word besluit dat die inskrywingsgelde R5,00 per inskrywing sal beloop.

7.5.6 ‘n Beroep word op lede gedoen om oortollige rosette na die volgende vergadering te bring sodat daar bepaal kan word hoeveel rosette bestel moet word.

7.5.7 Petro Serfontein sal alle reëlings betreffende die etes ens hanteer. ‘n Voorskot vir die uitgawes moet van die Tesourier verkry word.

.

7.6 Nasionale Skou 2013.

7.6.1 Kennis word geneem van die volgende skrywe wat vanaf Indaba Nyoni Klub ontvang is:

“Kommer word uitgespreek oor die swak vordering wat daar tot dusver met die verkoop van die looitjies vir die bande vir die Nasionale Skou 2013 gemaak is.

Die fondse wat deur hierdie looitjies verkry word sal grotendeels vir die huur van die saal aangewend word en hoe meer kaartjies elke klub verkoop hoe minder sal hul finansiële verpligtinge vir die huur van die saal wees. Die looitjies van die bande kan inderdaad alle uitgawes in hierdie verband delg.

Daar is derhalwe besluit om ‘n aansporings bonus van R500,00 aan te bied vir die klub wat die beste presteer met die verkoop van die looitjie en hulle vertrou dat die die gewenste uitwerking sal hê.

As daar nie ‘n drastiese verbetering met die verkope is nie sal daar ongelukkig oorweging daaraan geskenk moet word om die sluiitingsdatum vir die uitloot

daarvan uit te stel. “

‘n Beroep word weer eens op lede gedoen om by die volgende vergadering terugvoering te gee hoe hulle vorder met die lyste wat aan hulle oorhandig is. Lede aan wie nog nie lyste oorhandig is nie, kan dit by die Sekretaris afhaal.

8.0 Finansiëleverslag.

8.1 Die finansiëlestaat vir November, Desember en Januarie word ter tafel geneem en goedgekeur.

9.0 SANCBA.

9.1 Die volgende vergadering vind plaas op 1 Maart 2012.

10.0 **NRCBA**.

10.1 Die notule van die vergadering gehou op 17 November 2011 is ontvang en kennis is geneem van die inhoud daarvan.

10.2 Die Algemene Jaarvergadering vind plaas op 15 Maart 2012 en nominasies vir Voorsitter, Visie-voorsitter, Sekretaris en Tesourier word verlang. Daar word besluit om die volgende nominasies te maak:

Voorsitter	Peter Brummage
Visie-voorsitter	Mae Mason
Sekretaris	Herman Groenewald
Tesourier	Herman Groenewald

11.0 Korrespondensie.

11.1 Geen korrespondensie is ontvang nie.

12.0 Algemeen.

12.1 Ringbestellings.

12.1.1 Ringbestellings tesame met betalings moet by die volgende vergadering geplaas word.

12.2 **Fondsinsameling.**

12.2.1 Daar word besluit om weer ‘n ete te reël ten einde fondse vir die klub in te samel. Cobus Champion sal die aangeleentheid ondersoek en terugvoering by die volgende vergadering gee.

13.0 Maandelikse aktiwiteite

13.1 ‘n Algemene bespreking oor voëls word gehou.

13.2 Margie Frayne sal by die volgende vergadering ‘n bespreking oor kruie lewer.

14.0 Afsluiting.

14.1 Die vergadering verdaag om 20:50.

14.2 Die volgende vergadering vind plaas om 19:00 op 12 Maart 2012.

SH Erasmus
Voorsitter
12 Maart 2012.

HB Groenewald
Sekretaris